Brave Heart Home
A place of safety for vulnerable children

9 Malherbe St. De Doorns, 6875
admin@braveheartthome.co.za
023 356 3188

**2023/2024 JAARVERSLAG VAN KIDZ@PEACE MINISTRIES T/A BRAVE HEART**

Dit is vir my soos altyd, 'n groot voorreg om verslag te kan doen oor die werksaamhede van Brave Heart in die afgelope jaar. Met groot dankbaarheid in ons harte, kan ons terugkyk op 'n jaar waar ons Vader se seën en voorsienigheid in oorvloed kon beleef.
Brave Heart kan terug kyk na die jaar, met net dankbaarheid in ons harte. Vader was in hierdie jaar, soos altyd goed vir ons. Die personeel was, soos elke ander jaar, elke dag op hulle pos. Ons is regtig geseën met fantastiese personeel wat vir die Brave Heart kinders lief het en sorg soos vir hulle eie. Ons wil dan ook ons personeel salueer vir die wonderlike werk wat hulle doen asook vir die gesindheid waarmee hulle dit doen. Woorde sal nooit genoeg kan dankie sê vir hulle onbaatsugtige diens nie.

Die ondersteuning van ons gemeenskap is vir ons 'n groot riem onder die hart. Tydens die kersseisoen is ons kinders bederf met geskenke van oral oor. Ons ontvang gereeld donasies in die vorm van speelgoed, kos, kleertjies, finansiele bydraes en nog vele meer. Ons plaaslike besighede ondersteun ons ook op 'n wonderlike manier. Sonder al hierdie ruim harte sou ons beslis nie kon oorleef nie.

Brave Heart het goeie verhoudings opgebou met verskeie eksterne vennootskappe. Hierdie sluit in Abba Adoptions, eksterne maatskaplike werkers van DSD Worcester, Robertson en Ceres areas asook die Neurodiversity Stigting, FARR 'n organisasie wat navorsing doen oor alcohol verwante aspekte asook Scalabrini. Laasgenoemde speel 'n integrale rol wanneer dit kom met terugplasings van ons uitlandse kinders. Ons het ook uitstekende verhoudings opgebou met ons plaaslike kliniek. Ons het ook met personeelopleiding begin. Dit word gelei deur 'n arbeidsterapeut van die Overberg.

Sedert ons vorige Algemene Jaarvergadering het ons 19 nuwe opnames gehad. (10 meer as in vorige jaar) Twintig van ons kinders kon sederdien uitgeplaas word. (10 meer as vorige jaar). Van hierdie kinders wat uitgeplaas is 1 dieper in die sisteem geplaas, 5 is terug in familiesorg, 3 is in nie-familie pleegsorg geplaas en 1 is geplaas in sorg van moeder in House of Hope. Sedert ons ons deure geopen het in 2011 kon ons 245 kinders ondersteun. Meeste kinders bly tans 'n paar maande tot 'n jaar of langer. Elke kind wat in ons sorg geplaas word, sien ons as 'n geleentheid om geestelik, emosioneel en liggaamlik na die kinders om te sien en vertrou ons Vader dat die saad wat ons saai, langtermyn positiewe gevolge sal hê. Brave Heart is afhanklik van plasings vanaf DSD.

Die jaar het ook sy uitdagings gehad. Beurtkrag bly een van ons grootste uitdagings. Alhoewel ons 'n kragopwekker het, gaan dit met kostes gepaard en kan ons dit nie deur die nag laat hardloop nie. Dit maak dit uitdagend vir die personeel. Tydens reëntyd het ons uitdagings in die garage aangesien die dak lek. Dit is hoofsaaklik weens struktuurprobleme wat ons tot op hede nog nie 'n oplossing voor kon vind nie.

Ons Beheerliggaam sukkel om op die been te kom. Ons wil graag mense wat betrokke wil raak by Brave Heart uitnooi om na vore te kom.

Brave Heart Home
A place of safety for vulnerable children

9 Malherbe St. De Doorns, 6875
admin@braveheartome.co.za
023 356 3188

Die jaar het ook met hartseer gepaard gegaan. Nadat ons op die vorige jaarvergadering gedeel het rondom een van ons babas wat in April oorlede is, het ons in Mei nog 'n baie kwesbare siek kind, nog 'n baba verloor. Die baba, wat op 17 Mei in ons sorg geplaas is, in die hospitaal oorlede nadat hy op 19 Mei op versoek van die CYCC en DSD Worcester terug na die hospitaal oorgeplaas is vanaf die CYCC. Daar is uiteindelik beoordeel dat die kind te kwesbaar was om in die eerste plek by 'n nie-mediese fasiliteit opgeneem te word. Dit was weer 'n traumatiese ervaring vir die personeel alhoewel die kind net een dag en twee nagte in ons sorg was. Traumaberading is gereël vir die personeel deur die direksie van beide die bogenoemde gevalle. Dit was positief en nuttig. Die personeel is deur hierdie ervarings as 'n groep bymekaargetrek.

Ons voorwaardelike registrasie is hernu deur Departement Welsyn. Daarmee saam is 'n nuwe kontrak met DSD verseker met maandelikse toelae. Daarsonder sal ons nie oorleef nie.

Ons finansies is tans gesond. Sien aangeheg 'n opsomming van ons finansiele posisie van Kidz@Peace ministries. Dit is enige tyd beskikbaar vir besigtiging en kan vanaf die direksie aangevra word. Ons goedgekeurde ouditeure is Boshoff en Moore.

Langs hierdie weg wil ons dan ook die volgende bedankings doen:

- Ons Hemelse Vader vir Sy wonderlike voorsienigheid en genade
- Vir die direksie vir hulle onbaatsugtige opofferings en tyd asook deursettingsvermoë.
- Vir die beheerliggaam vir hulle harde werk en toewyding.
- Die gemeenskap van die Hexvallei vir hul ondersteuning, gawes en hulp.
- Vir elke donasie ontvang (Sien aangehegte lys)
- Al die huidige personeel in diens van Brave Heart vir hul onbaatsugtige diens.

Brave Heart is gebou op die Woord van Jesaja 54 en spesifiek vers 13 wat sê: "En al jou kinders sal deur die Here geleer wees en die vrede van jou kinders sal groot wees."

Dit is ons gebed vir elke kindjie wat in Brave Heart opgeneem word. Al kan ons nie altyd die vrug van ons werke sien nie, weet ons ons Hemelse Vader sal die werk voltooi.

Signed.

……………………………………..

Almaret du Toit

VOORSITTER

9 Malherbe St. De Doorns, 6875
admin@bravehearthome.co.za
023 356 3188

**Dankie aan die volgende donateurs**!

SN Pool Stigting
Hildegard Reyneke
Zelda Coetzer
Spar De Doorns
Kobus en Ohna Kok
Vipke Blom
Charl de Goede
Paul & Isabel Fouché
Diana Niemand
Gerda le Roux
Marilieze Wilson
Lizel Grispe
Mev Dark
Mev Genis
Aletta Palm
AfriForum Jeug
Tania Bothma
Tanya de Villiers
A Bothma
P Joubert
Julihana Kolane
Jan Steenkamp
Daniel Manuel
Annine Viljoen
P Vosloo
Julia Jaftha
Margaret Erasmus
W du Plessis
E Dippenaar
Bernice Diergaardt
Joan vd Westhuizen
Noeleen van Wyk
Buurvrou
Maré le Roux
A Bruyns
Justin Jacobs
Hexvallei Helpende Hand
Anthony Jansen
Gretchen Titus
Blanche Titus
Christine Jordaan
Jonay du Toit
Carlie Bruyns
Chanwill Koopman
Helen Madikane
Pieter & Sonja de Kock
Karin Steyn
Deon Jonker
Hester Swart
Anonieme Skenkers